

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 101 2 Desember 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

AG Visser

As Kersfees kom - geseënde tyd -
Dan word 'n droewe wêreld bly,
Gaan harte oop, staan deure wyd
Al waar die milde invloed sprei
Van vrede, vriendskap, goeie wil,
Wat meng in soete harmonie -
Die boodskap laat ons harte tril ...
Maar môre gaan ons weer baklei!
As Kersfees kom en vrind'likheid
In goeie Sinter-Klaas-livrei,
Heers wyd en syd beminlikheid
In kerke en stande streng geskei.
Dan, blykbaar, is daar geen verskil,
Die Vredevors al toegewy:
Warm word 'n wêreld doods en kil ...
Maar môre gaan ons weer baklei!
As Kersfees kom, wyk kleinigheid;
Vergeet een ieder sy party;
Wyk wanguns en venynigheid
Wat broeders van malkander¹ skei.
Dan swyg die dwarstrek-geeste stil
Voor vrede-engelesang en -rei -

¹ WAT - malkander [malkan³d(r)] v.nw. (verouderend)
Sien MEKAAR: Ons twee — wat malkander vroeër nie
persoonlik geken het nie — (het) in voeling gekom (l.
v. Heerden in N. Brandw., Mei 1929, 113). As
Kersfees kom ... / Wyk wanguns ... / Wat broeders
van malkander skei (A.G. Visser: Rose5, 1935, 48).
Lewe is een ding / en Kuns glad 'n ander / en nooit ...
/ ontmoet hul malkander (H. Aucamp: Permissie,
1980, 18).

Dié kom so graag as ons net wil ...

Maar môre gaan ons weer baklei!

l'Envoi

Die Kersfeesgees, die goeie wil,

Die spreek tot U, die spreek tot my:

Sy boodskap laat ons harte tril ...

Maar môre? - Gaan ons weer baklei?

Nog 'n jaar verby! Die jare voel al hoe korter.
Vanuit 'n ervaringshoek is elke jaar korter as
die vorige jaar. Toe jy vier was, was jou
vyfde jaar twintig persent van jou lewe. Met
jou vyftigste verjaarsdag was een jaar twee
persent van jou lewe. Elke jaar is 'n kleiner
persentasie van jou lewe en daarom die
ervaring dat die jare al hoe vinniger
verbygaan.

Die ontstellende is dat daar 'n ritme skyn te
wees. Die jaar begin goed met spoed, maar
met verloop van tyd kom die spoedbrekers
en teëspoed. Teen die einde van die jaar is
ons moeg en mensversadig. Dan begin die
vakansie, en veral Kersfees is die tyd vir
kuier met die familie. Die hele vakansie
vertrap mense mekaar op die strande, in die
pretparke en restaurante. En ons verduur
dit. Hierdie Kersfees-kuier het 'n ander stel
reëls. Daar "moet" vrede op aarde wees so
ons kondisioneer onself om meer
verdraagsaam te wees. Ons stoor dit, die

uitlaatklep sal in Januarie of Februarie kom. Dan sal iemand anders presies doen wat hulle Desember gedoen het, maar dit sal nou 'n rede wees tot 'n woede uitbarsting en bakleiery. AG Visser se gedig ontmasker hierdie dualistiese gedrag wat so eie is aan die mens. Kersfees is daar vrede, maar daarna is daar weer gevegte.

Dit is goed dat ons vrede met vriende, familie en vreemdelinge nastreef. Sal dit nie wonderlik wees indien ons daardie benadering kan oordra na die nuwe jaar toe nie? Visser stel in die laaste woorde dat hy tog dink dat dit moontlik is, of moet wees, om nie na Kersfees te baklei nie. Indien ons elke jaar Kersfees in vrede kan geniet, beteken dit dat ons beter beheer het oor ons gedrag as wat ons sou wou erken.

Kom ons gaan vier Kersfees in vrede. Kom ons kom terug en pak die nuwe jaar aan in vrede. Ons hoef nie te baklei nie, hoef ons?

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

RUSTYD

Hierdie is die laaste uitgawe van Koersvas vir 2016. Ons sal vroeg in 2017 weer aan diens wees. Ons bid u 'n heerlike rustydkonferensie en 'n geseënde Kersfees toe.

GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. U word versoek om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed, verandering van kontakbesonderhede ensovoorts aan dr. Johan Otto by e-pos jotto1@absamail.co.za of drotto1.jo@gmail.com te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

VERJAARDAGDINEE

Die verjaarsdagdinee van professor HG van der Westhuizen was 'n luisterryke aand. Almal het die geleentheid geniet. Die kos was uit die boonste rakke. Baie dankie en geluk aan almal betrokke. Geluk aan prof Hennie met die verjaarsdag. Daar is pragtige Dankalbums beskikbaar by ds Jaap Steenkamp teen R200 per album.

APOSTOLICUM KOMMENTAAR

Die kommentaar oor die Geloofsbelydenis van Nicea en die Apostoliese geloofsbelydenis wat in die afgelope jaar in Die Skietlood verskyn het, gaan in boekvorm verwerk word. Die boek sal vroeg in 2017 beskikbaar gestel word. Indien u belangstel, moet u vir dr Otto in kennis stel by jotto1@absamail.co.za.

KERSGROETE

Dr Johan en Yvette Otto, die kerkraad en lidmate van Premiermyn Hervormde Kerk wens alle lidmate en ampsdraers van die GHG 'n geseënde Kersfees toe. Mag u in vrede saam met geliefdes en vriende kuier en rus. Mag 2017 se uitdagings u nooit laat struikel nie.

KERSGROETE

Die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein het pas sy vierde bestaansjaar betree. Direk ná die eerste erediens in hierdie vierde bestaansjaar is die Jaarvergadering van die Mosterdsaadvereniging gehou, kategese sertifikate uitgedeel en die verjaardagkoek geëet. Kort daarna is die redakteur se uitnodiging om 'n Kers- en nuwejaarsboodskap te stuur, ontvang. Die gemeente predikant aanvaar met dank die uitnodiging en stuur sy boodskap by wyse van die liturgie en preek

gehou op Sondag 27 November 2016. Die liturgie en preek is Koersvas aanlas 1.

SERTIFIKATE LAERSKOOLO KATKISANTE



GEMEENTEFOTO



HOSPITAALBESOEK 2017

Hospitaalbesoek : Klerksdorp
Ouderling Pieter Greyling het aangebied om G H G Lidmate wat in die Klerksdorp hospitale opgeneem word, te besoek. Baie dankie vir die mooi gebaar.

Kontak : P Greyling 083 430 1910
Mev A Greyling 083 557 0414

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

GELOOFSBONDKWILT

Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



GELOOFSBONDKWILT 2

Lootjies R20

Votum

Die Here sê vir ons, sy Volk:

Die uitkoms is hier!
Die uitkoms is hier!

Seën

Gemeente: Genade, barmhartigheid en vrede vir u, van God, ons Vader; Jesus Christus, die Here; en die Heilige Gees.

Amen

Lofsange	Psalm 146 verse 1 en 2 Gesang 281 verse 1 en 3
----------	---

Wet	
Skuldbelydenis	Gesang 249 vers 9
Genadeverkondiging	
Geloofsbelydenis	
Sang	Gesang 329

Skriflesing

Jesaja 40 verse 1 tot 11

Aanhaling uit die Woord

Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.
Jesaja 40 vers 8

Gebed

Hemelse Vader

Soos die 24 ouderlinge in Die Openbaring aan Johannes wil ons ook vanoggend voor u kom kniel, van ons trone afklim, ons krone afhaal en u lof besing.

Want U is goed Here, U is oneindig goed. En U is vir ons goed. Ons wat niks verdien nie.

Ons dank U vir u ganse skepping in sy onmeetlikheid en dat U dit getrou onderhou en in stand hou.

Ons dank U dat U ons geskape het en vir ons voorsien.

Ja soveel dat U ons herskape het en die nuwe lewe in Christus aan ons gegee het.

Ons dank U vir geloof en vir 'n gemeente. Vir reën en beskerming en genesing.

Vir die adventstyd en die vreugde wat die herdenking van Christus se geboorte gee.

Ons doen voorbidding vir alle mense – veral vir hulle wat die Evengelie nie ken of wil ken nie.

Ons bid vir die wêreld en vir Suid-Afrika en sy mense. Ons bid vir die Afrikanervolk en vra dat die Volk ook die gelofte teenoor U gestand sal doen.

Ons bid om geloof en gehoorsaamheid. Ook dat ons alles wat ons doen tot U eer en verheerliking sal doen.

Ons bid vir vanoggend se vergadering dat u Gees ons daarin sal lei en voorgaan.

Ons bid nou vir vrede en stilte, vir ontvanklikheid om na u Woord te mag luister en dit in te drink.

Vergewe ons om Christus ontwil tog al ons sonde en ongeregtigheid.

Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus die Here.

Amen

Sang

Gesang 338 verse 1 tot 4

Teksvers

Jesaja 40 vers 1ab

Die uitkoms is hier!
Die uitkoms is hier!

Preek

Geliefdes in ons Here Jesus Christus!

Vandag is die eerste Sondag in die 4de bestaansjaar van die Gemeente.

Drie volle jare is verby. Jare waarin die Here ons ryklik, en in die afgelope jaar baie ryklik geseën het.

Op geloofsgebied kon ons soos dit in Timoteus gestel word as gemeente die draer en beskermer van die waarheid wees. 'n Ongelooflike voorreg. In vryheid kon ons aanbid, na die Woord en die verkondiging van die Woord luister, die Nagmaal vier en kon twee jongmanne belydenis van hulle geloof aflê.

Met ander gemeentes van ons standpunt kon ons saamwerk en groei. Ongelukkig ook getuie wees van hoe sake in die moederkerk hanteer word om die wêreld ter

wille te wees in plaas daarvan om aan die Woord gehoorsaam te wees. Maar in ons harte die vrede wat alleen die suiwer geloof kan bring.

Broers en susters en as leraar kan ek daarvan getuig dat die Heilige Gees lewend is en dat Hy in ons harte werk. Daar was tye toe ek my hart vasgehou het en gewonder het hoe verskillende mense in ons gemeente ooit sal kan saamwerk: Persoonlikhede verskil te veel en daar kan niks anders as botsing wees nie! En kyk nou: Alles opgelos danksy die werking van die Heilige Gees van God. Daar is vrede en vriendelikheid en samewerking!

En vandag begin ons met ons vierde bestaansjaar.

Ons begin ook met 'n nuwe kerklike jaar, dit is die eerste Sondag van advent, die 4 Sondag voor Kersfees.

Adventstyd is 'n tyd van afwagting en verwagting. 'n Tyd van opgewondenheid en vooruitsig.

Die eerste advent het oor eeue gestrek – die verwagting dat die Messias sal kom - die een wat deur God belowe is en gestuur sou word.

En toe, as die hoogtepunt in die geskiedenis, in die volheid van die tyd, is Hy gebore en het Hy sy reddingswerk kom doen.

Daardie reddingswerk wat maak dat ons vandag hier sit met 'n verdere verwagting in ons harte: Die verwagting dat Hy wéér sal kom en ons sáám met Hom na die ewige Vaderhuis sal neem.

Jaarliks begin die nuwe kerklike jaar met die adventstyd, die tyd waarin ons wag om weer die geboorte van Christus te vier.

En nou handel die preek vandag oor die tema: om te wag. Hoe wag 'n mens? Hoe leef jy in afwagting en verwagting?

Natuurlik maak jy gereed. Soos 'n ouerpaartjie wat wag op die geboorte van hulle kind. Die babakamer en alles moet reggemaak word.

So moet ons in die geloof ook sorg dat wanneer Jesus weer kom alles reg en gereed sal wees en ons nie soos die 5 onverstandige meisies sonder olie in die lampe betrap word nie.

Maar daar is 'n ander aspek van wag wat nogal uitdagend kan wees.

Ons sien uit na iets wonderliks en heerliks, maar nou is alles nie wonderlik en heerlik nie.

Terwyl ons wag om hemel toe te gaan waar alles volmaak is, is ons uitgelewer aan die onvolmaakte, die onaangename, die sleg en die swaar.

Droogte, siekte, swak ekonomie en noem maar op.

Al hierdie dinge kan op een van twee maniere hanteer word.

Omdat dit so sleg is verwag ons dit wat volmaak is soveel meer. Of ons vergeet heeltemal van wat ons verwag en word oorweldig deur die bitter en die suur van die hier en die nou.

Daar is 'n groot waarheid daarin dat wanneer jy reis, die reis self net so deel moet wees van die bestemming as die bestemming self. Jy moenie so ingestel wees op waar jy wil wees dat jy glad nie kan hanteer hoe dit is terwyl jy daarheen oppad is nie.

Daar is 'n baie goeie voorbeeld daarvan wat ek dink elkeen van u sal ken uit die dae toe u kinders nog klein was.

Die gesin is in die motor oppad om te gaan vakansie hou. Maar die see is ver en die pad is lank en daar was ook seker in die dae toe u kinders klein was nog nie noodwendig lugreëling in die motors nie.

En dan kom die vrae: "Pa hoe ver nog? Hoe lank nog?"

En as Ma getroos het is dit ook net so rukkie stil voor daar 'n geveg op die agterste sitplek uitbreek. Ek glo elke gesin kan staaltjies vertel van hoe pa stilgehou en boude warm gemaak het en so meer!

Maar die voorbeeld sê iets van die kuns van die lewe en veral iets van hoe ons geloofslewe moet wees.

Natuurlik sien ons uit na die hemel. Maar ons is nou nog op die geloofsreis daarheen en hier is nog 'n taak, 'n taak wat te midde van swaar en ellend met blymoedigheid afgehandel moet word.

In ons gelese gedeelte handel dit oor die ballinge uit Juda wat deur Nebukadneser na Babelonië weggevoer is.

Ja dit was hulle verdiende staf – God het die Volk oor eeue heen deur die profete gewaarsku dat Hy hulle gaan straf. En nou het daardie straf aangebreek.

'n Verskriklike straf: Jerusalem vernietig, die tempel afgebreek, die mense met nekkettings aan mekaar geboei en soos slawe deur die woestyn deur die soldate aangejaag.

Tot by die stad Babel.

Waar Nebudadneser 'n groot breë pad gebou het om uit die woestyn die stad binne te kom – deur die geweldige stadspoorte tot voor die paleis.

En so 'n ent buite die stad word die soldate in hulle slagordes opgestel en kom 'n triomftog die stad binne. Alle skilde blink, die spiese skitter, die borswerings blink opgevryf om die son te weerkaats. Die soldate vertoon die skatte wat hulle in die

tempel buitgemaak het. En dan volg die lang rye gevangenes in vernedering om die vreemde stad van die veroweraars binne te strompel onder die gehoon van die vyand.

‘n Oorwinnaarsoptog!

En in die gemoed van die gevangenes ‘n groot donkerte en ellende. Ballinge in die vreemde. Geen vooruitsig op verlossing nie.

Moedeloos en sonder geloof. Wie weet hoeveel jaar van die uiterste swaarkry lê vir hulle voor?

God het van hulle vergeet, sy woonplek in Jerusalem in tot niet.

Maar dit is nie waar nie!

God se bestaan is nie afhanklik van ‘n tempel nie. Hy bewoon die hemele! En Hy bestaan vir ewig!

As die regverdige God het Hy nou die verdiende straf op sy Volk laat neerkom, maar Hy het hulle nie vergeet nie.

Hy stuur ‘n profeet om hulle moed in te praat en om die uitkoms aan te kondig.

Ja uiteindelik sou hulle 80 jaar deur die Babeloniërs gevange gehou word. Eers na 80 jaar het koning Kores van die Perse die Babeloniërs verslaan en het hy bevel gegee dat die Volk na Juda en Jerusalem toe terugtrek.

Maar dit lê 80 jaar in die toekoms! Hierdie 80 jaar moet eers in ballingskap geleef word. Ja dink bietjie: so sou daar babas wees wat Jerusalem nooit sou sien nie. In die vreemde gebore en ook in die vreemde oorlede.

Maar die Here laat nou reeds, aan die begin van die 80 jaar die uitkoms aankondig.

“Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier!”

Dit is wat die profeet vir die Volk moet sê.

Dit beteken nie hulle gaan vandag huis toe nie. Nee, die huis toe gaan is regtig eers oor 80 jaar.

Maar hulle sal so vas en seker huis toe gaan dat hulle dit kan beleef asof dit nou reeds gebeur!

Net so as u en ek iemand aan die dood afstaan. Daardie persoon is dood, mordsdood, liggaam en siel. Maar ons glo so vas in die liggaamlike opstandig met die wederkoms van Christus dat ons mekaar kan troos met die vaste troos dat hy of sy nou reeds in die hemel is!

En dit is die geloofstroos van advent: Ons wag, ons gaan dalk nog lank wag, maar Christus sal kom!

Die woord wat die profeet tot die Volk rig is betroubaar en waar:

Ja gras verdor en blomme verwelk maar die woord van hulle God is ewig.

Sopas het die ballinge die vernedering van Nebukadneser se triomftog beleef, maar die triomftog van die Here is oppad.

Die pad terug deur die woestyn sal anders wees as die pad hierheen.

Oppad hierheen was hulle gevangenes op wie daar gevloek en geskel is.

Maar op die pad terug sal dit totaal anders wees.

Die pad terug is die grootpad nie van Nebudkneser nie maar van die Here Self.

Die Here se oorwinningspad strek nie van 'n paar 'n paar kilometer buite die stad tot in die stad nie maar strek die hele pad.

Daarom moet die profeet roep en moet die roep deur die hele woestyn aangegee word van elke koppie na die volgende: Maak vir die Here 'n gelykpad, 'n grootpad!

Ja elke rant moet gelyk gemaak en elke laagte moet opgevol word.

Want as die Here as Oorwinnaar met sy Volk terugtrek sal daar geen opdraend of afgrond wees om Hom te keer nie.

Hy het sy eie Volk wat hulle straf uitgedien het by Hom – Hy is onkeerbaar met hulle terug oppad na Jerusalem.

Hy en Hy Alleen is die Groot Oorwinnaar, die Een aan Wie die triomf behoort!

Maar terwyl Hy sy vyande genadeloos verslaan tree Hy met die grootste liefde teenoor sy Volk op.

Soos 'n herder. Hy versorg die lammerooie met liefde en tel die lammertjies teen sy bors op.

Ja die Here kom!

Die goeie boodskap, die evangeliewoord kan uitbasuin word!

So het dit in die geskiedenis gebeur dat Kores die ballinge laat terugtrek het.

En so het Jesus die Christus, die Gesalfde Verlosser, die Messias na eeue wel gekom.

En so sal Hy weer kom en sal ons hemel toe gaan!

Intussen wag ons en berei ons voor.

Maar doen dit reg en doen dit met vreugde en blymoedigheid.

God het Homself mos nou al oor en oor en oor aan ons bewys as die Een wat sy Woord en sy beloftes hou.

Moenie twyfel nie. Moenie moedeloos word nie. Dit mag lank neem maar dit sal vas en seker wel gebeur.

Wees so oortuig daarvan dat u ook te midde van alles kan uitroep: Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier!

Amen

Gebed

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

Mattheüs 6 verse 9b tot 13

Sang

Gesang 344 verse 1 tot 3

Seën

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!

Amen.

2 Korinthiërs 13 vers 13